Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 27, 1997. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# BOOK REVIEWS

## DIE GESKIEDENIS VAN DIE TWEEDE VRYHEIDSOORLOG IN SUID-AFRIKA, 1899-1902, DEEL VI: DIE BELEG VAN MAFEKING TOT MET DIE SLAG VAN BERGENDAL

J.H. Breytenbach
Staatsdrukker, Pretoria: 1996
371 bladsye
kaarte
ISBN 0 7970 3321 1
R50-00

Hierdie sesde band van Staatshistorikus J.H. Breytenbach se monumentale werk oor die Anglo-Boereoorlog, 1899 - 1902, was met sy dood op 3 Januarie 1994 nog nie heeltemal persklaar nie. Die Kommissie van Toesig, saamgestel uit historici van die Departement Geskiedenis van die Universiteit van Pretoria, het naamlik sekere aanbevelings met betrekking tot die redigering van die werk gemaak wat met sy dood nog nie afgehandel was nie. Die finale afronding en tegniese versorging van die publikasie is derhalwe deur die Staatsargiefdiens behartig, dog sonder dat daar aan Breytenbach se benadering, taal en styl getorring is.

Breytenbach het beoog om sy werk oor die Anglo-Boereoorlog, waarvan die eerste vyf dele tussen 1969 en 1983 verskyn het, in sewe bande te voltooi, met die Guerrillafase van die oorlog as onderwerp van die laaste band. Sy dood het egter daardie ideaal in die wiele gery, terwyl die koms van die nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika tot die afskaffing van sy pos gelei het en die Staatsargiefdiens en die Kommissie van Toesig met die verskyning van Deel VI hul betrokkenheid by die publikasie van *Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899 - 1902*, beëindig het. Die onus berus nou by die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns om, mits die nodige fondse gevind kan word, die guerrillafase van die Anglo-Boereoorlog te laat boekstaaf.

Waar Deel V van Breytenbach se werk die tweede Britse offensief, wat op die verowering van Bloemfontein, Johannesburg en Pretoria (Maart - Junie 1900) uitgeloop het, behandel het, begin Deel VI met die Beleg van Mafeking en die stryd op die Transvaalse wesgrens, Oktober 1899 - Mei 1900 en volg die verloop van operasies op die Transvaalse oosgrens (Februarie - Mei 1900), die Natalse grens (Mei - Junie 1900), asook dié in Suidoos-, Wes-

en Oos-Transvaal tot en met die Slag van Bergendal (Augustus 1900), die laaste semi-konvensionele veldslag van die oorlog. Deel VI beslaan tien hoofstukke, wat elk, soos by die vorige dele, met 'n kort gevolgtrekking afgesluit word.

Hoofstuk I neem die beleg van Mafikeng en die stryd aan die Transvaalse Wesgrens tot met die ontsetting van Mafeking (17 Mei 1900) onder die loep. Die Britse steun onder die swart bevolking in die gebied en die Brits-geïnspireerde Bagatla-aanval op Derdepoort op 25 November 1899 geniet besondere aandag. Breytenbach loof kol. R.S.S. Baden-Powell vir die vernuftige wyse waarop hy sy garnisoen verskans het en sodoende verhoed het dat die Boeremagte dit kon oorrompel, asook vir sy knap administrasie om sy troepe en die burgerlike bevolking van Mafeking tydens die beleg van sewe maande te onderhou. Hy kritiseer die Boereleiers se beleg van Mafikeng op grond daarvan dat dit 'n strategies waardelose dorpie met 'n klein, swak bewapende garnisoen, omring deur Britsgesinde swart stamme was. Die Britte het voortdurend druk op hierdie stamme uitgeoefen om die Boere aan te val, wat tot die omstrede aanval op Derdepoort gelei het en 'n voortdurende bedreiging op die Transvaalse wesgrens geskep het.

Hoofstuk II word aan die Boere se stellinginname in en verdediging van die Biggarsbergreeks ter verdediging van die Transvaalse oosgrens (Februarie - Mei 1900) en hul terugtog na Laingsnek gewy. Breytenbach kritiseer die Boeremagte vir hul versuim tot offensiewe optrede vanuit die Biggarsberglinie in die rug van die Britse hoofmag by Elandslaagte, ten einde dié mag uit sy verskansings te lok en in die oopte aan te val. Die blaam vir Buller se deurbraak deur die Boerelinies plaas hy op die skouers van genl. Lucas Meyer, wat nie Buller se aanvalspunt kon antisipeer nie en dié gebied dus nie behoorlik versterk het nie.

Hoofstuk III behandel die operasies aan die Natalse grens, beginnende met die Boere se stellinginname by Laingsnek op 17 Mei 1900 en eindigende met sir Redvers Buller se deurbraak by Bothaspas op 8 Junie 1900. Breytenbach voer aan dat die Britse deurbraak in daardie geweste hoofsaaklik aan die verswakking van die Boeremag aldaar en die onvermoë van die Boereleiers om te bepaal waar die Britse aanslag op hul linies sou plaasvind, gewyt moet word. Die verswakking van die Boeremag op die Natalse Front was, naas die verskuiwing van soveel as moontlik magte daarvandaan na Transvaal om lord Roberts se opmars na Johannesburg en Pretoria te probeer stuit, ook aan grootskaalse drostery onder die burgers te wyte.

Hoofstuk IV gee 'n uiteensetting van Buller se mislukte pogings om die Boeremagte by Laingsnek af te sny en sy intog in Suidoos-Transvaal agter die weswaarts-terugvallende Boeremagte aan (10 - 23 Junie 1900). Buller se versuim om sy sukses dadelik uit te buit, het die Boere kans gegee om hul verdediging grootliks te konsolideer. Die swak kondisie van die burgers se perde het aan die anderkant weer verhoed dat die Boere op Buller se uiters kwesbare kommunikasielyne kon toeslaan, wat hom sou verplig het om 'n beduidende gedeelte van sy troepemag na Natal terug te trek om sy voorraadlinie te beskerm.

Hoofstuk V neem die Slag van Donkerhoek (11 - 12 Junie 1900) in oënskou. Dit begin

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 27, 1997. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

met 'n oorsig van die gevolge van die Britse verowering van Johannesburg en Pretoria (31 Mei - 5 Junie 1900) en trek die verloop van gebeure deur tot by die Boere se terugtog na Balmoral (12 - 14 Junie 1900). Breytenbach skryf die Britse mislukking om die Boeremagte te omsingel en uit te wis hoofsaaklik daaraan toe dat genl. Louis Botha vertroud was met Roberts se omsingelingstaktiek en gevolglik die terrein, wat hy baie goed geken het, juis op so 'n wyse beset het dat die Britse oormag nie sy magte kon omvleuel nie. Die Britte se swak verkenning voor die gereg, asook hul gebrekkige kennis van die terrein, het ook tot hul mislukking bygedra.

Hoofstuk VI behandel die Vrystaatse magte onder genl. C.R. de Wet se operasies in lord Roberts se rug gedurende 25 Mei - 22 Junie 1900, met besondere verwysing na die geveg by Biddulphsberg (29 Mei 1900), genl. De Wet se verowering van genl. H.E. Colvile se konvooi naby Heilbron (4 Junie 1900), asook sy verowering van Rooiwalstasie (7 Junie 1900) en die verdere Boereaanvalle op die Britse spoorverbindings gedurende Junie 1900. Die Britte het hulle volgens Breytenbach self die verlies van 2 011 man en die tonne krygstuig en proviand wat hierdie operasies hulle gekos het, op die hals gehaal, deurdat hulle geglo het dat die Vrystaters oorlogsmoeg was en geen bedreiging meer ingehou het nie en hulle dus nie effektiewe beskermingsmaatreëls in dié verband getref het nie.

Hoofstuk VII bespreek die herlewing van die Boereweerstand in Suidoos- en Wes-Transvaal gedurende Junie - Julie 1900. Breytenbach dui in hierdie hoofstuk aan hoedat genl. Louis Botha na aanleiding van genl. De Wet se suksesse in lord Roberts se rug, die futiele defensiewe taktiek van sy voorganger, genl. Piet Joubert, laat vaar het en met offensiewe optrede begin het om die inisatief by die Britte weg te neem en nuwe vuur in die Transvaalse magte te blaas. Genls. J.H. de la Rey en Sarel Oosthuizen se oorwinnings onderskeidelik by Silkaatsnek en Dwarsvlei op 11 Julie 1900, het die Transvalers se moreel laat herleef en daartoe gelei dat baie burgers wat ná die val van Pretoria die wapen neergelê het, weer tot die stryd toegetree het.

Hoofstuk VIII beskryf die verloop van operasies op die Pretoria-Lourenco Marques-spoorlyn, 14 Junie - 26 Julie 1900. Die Britse verowering van die Boerestellings by Donkerhoek (12 Junie 1900) het die ZAR se nuwe regeringsetel, Machadodorp, sowel as die Oosterspoorlyn, die Boere se enigste verbinding met die buiteland, ernstig bedreig. Deur die Britse stellings by Donkerhoek te verower, het genl. Louis Botha gehoop om nie alleen die bedreiging teen Machadodorp en die Oosterspoorlyn uit die weg te ruim nie, maar ook om die druk op die Boeremagte in die Wes-Transvaal te verlig, deur die Britte te dwing om soveel as moontlik van hul magte in en oos van Pretoria te konsentreer. Botha het terselftertyd gehoop om d.m.v. suksesvolle offensiewe optrede opnuut die veggees van die burgers, wat in groot getalle gedros het omdat hulle geglo het dat hulle 'n verlore stryd geveg het, aan te wakker. Ofskoon die Boere nie daarin kon slaag om die Britte uit hul stellings te verdryf nie en verplig is om ooswaarts met die spoorlyn terug te val, het die neerlae wat Botha die Britse magte oos van Pretoria toegedien het, tog die moreel van die burgers laat opvlam en hulle oortuig dat hulle die Britse oormag kon verslaan. Lord Roberts

se besluit om voorlopig nie verder as Middelburg op te ruk nie, het aan die Boere die geleentheid gebied om behoorlike defensiewe stellings tussen Belfast en Machadodorp ter beskerming van hul regeringsetel en die Oosterspoorlyn in te neem.

Hoofstuk IX bespreek genls. Chris Botha en Tobias Smuts se poging om vanaf Amersfoort sir Redvers Buller se troepemag, wat met die spoorlyn uit Natal opgeruk het om aansluiting met Roberts se hoofmag op die Oosterspoorlyn te vind, in die rug aan te tas (Julie - Augustus 1900). Botha en Smuts het volgens Breytenbach die fout begaan om telkens Buller se goed verdedigde basisse op die spoorlyn aan te val, in plaas daarvan om op die swakker poste tussen die basisse toe te slaan. Hulle kon gevolglik nie daarin slaag om die Britse troepe uit hul kampe te verdryf en Buller se spoorverbindings te ontwrig nie. Buller se sterker mag het deur offensiewe optrede die Boeremagte uit sy pad gevee en teen die middel van Augustus 1900 in die omgewing van Carolina aansluiting by Roberts se hoofmag gevind.

Die slothoofstuk, Hoofstuk X, word aan die Slag van Bergendal (20 - 27 Augustus 1900) gewy. Die Britse deurbraak deur die Boerestellings by Bergendal op 27 Augustus 1900 het volgens Breytenbach genl. Louis Botha se oortuiging dat dit vir die Boere onmoontlik was om die sterker Britse mag, met hul oorwig in artillerie, frontaal te probeer stuit, finaal bevestig. Die Transvaalse regering het derhalwe op 4 September 1900 by wyse van wetgewing die Republikeinse leër gereorganiseer om, na die voorbeeld van genl. Christiaan de Wet, vaste gevegte te vermy en die Britse Leër d.m.v. guerrilla-oorlogvoering uit te mergel. Hierdie guerrillafase van die stryd sou uiteindelik byna twee maal so lank as die eerste, semikonvensionele fase van die oorlog duur.

Hierdie finale band van Bryetenbach se werk is, soos die vorige dele, behoorlik met kaarte (ses in totaal) toegelig. Twee van die ingebinde kaarte is egter tegnies onbevredigend, met die gevolg dat dit deur twee los kaarte vervang is, wat afbreuk aan 'n andersinds stewig gebinde en tegnies goed versorgde hardebandpublikasie doen. Die werk word met 'n skrale ses onopwindende, stereotipe foto's toegelig. Die werk is van 'n nuttige, omvattende indeks, asook 'n lys van aangehaalde werke, voorsien. Ofskoon die skrywer beoog het om 'n volledige bronnelys vir die hele reeks by die laaste deel (wat Deel VII sou wees) in te sluit, was daar met sy oorlyde volgens die eindredaksie nie so 'n lys van geraadpleegde bronne beskikbaar nie; hulle het dus die lys van aangehaalde werke, wat by Deel VI ingesluit is, saamgestel aan die hand van die voetnote wat in dié deel verskyn. Deel VI is fisies opsigtelik dunner as die ander vyf bande in die reeks, deurdat dit slegs 371 bladsye teenoor die gemiddeld 543 bladsye van die ander bande beslaan.

Ofskoon Deel VI van Breytenbach se werk sekerlik nie die finale woord oor die laaste bedryf van die semikonvensionele fase van die oorlog spreek nie, is dit 'n waardevolle en insiggewende bydrae tot die bestaande kennis oor daardie deel van die Tweede Anglo-Boereoorlog. Dit is miskien oor die algemeen nie heeltemal so ensiklopedies van aard soos die ander vyf bande nie, maar gee tog 'n betreklik volledige uiteensetting van die gebeure. Soos ook uit die ander vyf dele blyk, lê Breytenbach se simpatie duidelik by die

Boere, maar poog hy tog om na beide kante kritiek uit te deel en die gebeure in perspektief te plaas. Watter gebreke die werk ookal mag hê, behoort dit elkeen wat in die geskiedenis van die Anglo-Boere-oorlog belangstel, te interesseer en is dit 'n moet vir die boekrak van elke ernstige student van dié konflik. Dit bly 'n groot jammerte dat hy nie die geleentheid gehad het om die stryd tot aan die einde van die guerrillafase deur te trek nie.

G.E. Visser
*Departement Krygsgeskiedenis, Fakulteit Krygskunde, Universiteit van Stellenbosch*

## PEACE, WAR AND AFTERWARDS 1914 TO 1919

Brian Wade
Sentinel Projects, London : 1996
117 pages
ISBN 0 9524423 1 0
price not stated

Brian Wade left South Africa in February 1915 to join the British Army so as to serve the Empire during the First World War. After enlisting in King Edward's Horse as a private, he trained at Bishops Stortford and the Curragh in Ireland. He was later commissioned as a 2nd Lieutenant in the 7th London Regiment, served mainly in the transport section and saw action in the Somme and Ypres. Due to illness he was medically discharged in February 1918 and returned to South Africa. He subsequently performed colonial service in the former German territory, Tanganyika (present day Tanzania). During his military service and the first seven months he spent in Tanganyika, he kept up a regular correspondence with his mother - he regarded his weekly letter to her "as a sacred duty" - and these letters eventually resulted in *Peace, War and Afterwards*. As there are only a few personal accounts by South Africans of their experiences as soldiers during the First World War (and even fewer have been published) *Peace, War and Afterwards* is a most welcome publication.

Through Wade's letters to his mother the reader gets to know him as a young man who initially takes a rather light-hearted view of travelling to England to join the British army. His decision to enlist was motivated by a "....spirit of adventure..." rather than "......the lure of patriotism", and and he anticipated "...a nice sea voyage.....lasting about a fortnight, then once in London we will go about a bit and see things. Then when our funds begin to run too low we will enlist in Kitchener's Army." However, Wade soon experiences the harsh reality of military life: rising at "...5 a.m. on a horribly cold morning in a biting wind...."; the drudgery of the daily military routine; the extreme discomfort of life in the muddy trenches on the Western Front. This made him long for the war to end and for